# KOMMUNIKAATJIE
**Gereformeerde Kerk Centurion**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 51** **Nr 32** **13 September 2026**


## Die vensters van my hart

In die mitologie van die heidene word Momus, die god wat fout vind, voorgestel as iemand wat Vulcanus verwyt het. Vulcanus het die mens uit klei gemaak, maar volgens Momus het hy ’n fout gemaak: Hy moes ’n venster in die mens se bors gesit het, sodat alles wat daar binne gedoen of gedink word, maklik aan die lig gebring kon word.

Ons gelowiges stem egter nie met Momus saam nie. Ons is ook nie soos iemand wat begeer dat daar ’n venster in sy bors moet wees sodat almal sy hart kan sien nie. As ons so ’n venster gehad het, sou ons waarskynlik vir luike gebid het — en dit styf toegemaak het.

Want ons harte bevat dinge wat ons nie noodwendig vir ander mense wil wys nie: gedagtes, motiewe, vrese, begeertes, teleurstellings en selfs sondes wat ons diep binne-in ons wegsteek.

Maar Psalm 139 bring ons voor ’n belangrike waarheid: Al het ons nie ’n venster in ons bors waardeur ander mense kan kyk nie, die alomteenwoordige God het nie een nodig nie. Hy ken ons hart. Hy sien wat vir ander verborge bly.

Daarom bid Dawid:

“*Deurgrond my, o God, en ken my hart; toets my en ken my gedagtes. Kyk of daar by my ’n weg van smart is, en lei my op die ewige weg.”* Psalm 139:23–24

Dawid vra eintlik: “*Here, maak die luike oop*.” Nie omdat God nog iets van hom moet ontdek nie, maar omdat Dawid bereid is om homself eerlik voor God te stel.

So berei ons, ons ook voor vir die Nagmaalviering. Die Nagmaal is meer as ’n tradisie of ’n geleentheid om saam aan tafel te sit. Dit is ’n uitnodiging om stil te word voor God en ons eie harte te ondersoek.

Die vraag is nie: *Kan God sien wat in my hart is? *Hy kan.

Die vraag is: Is ek bereid om Hóm toe te laat om dit aan my te wys — sodat ek my kan bekeer?

Mag ons met oop harte na die Nagmaal kom: bereid om te bely, te ontvang, te vergewe en opnuut die genade van Christus te omhels.

*“Here, ondersoek my. Wys my. Reinig my. En lei my op die ewige weg.”*

Ds. Maarten

# *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Telefoon: **012 664 2614**
*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*

Basdenlaan 226
Lyttelton

Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

\- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: **Vandag**: Les 19, Ps 149-1:1 **Volgende week**: Les 20, Ps 149-1:1

**KLEUTERKLAS**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.
*(Janneke Wessels – 071 898 5900)*

## Dienspersoneel

| Datum | Wyk | Oudl Afr Diens | Oudl vir Afkondigings | Diaken | Klank | Projektor | Video Uitsending |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 13-Sep | B04 | Didrich Terblanché | Jan Erasmus | Henk Koch | Nicolai vd Merwe | Gert Reinecke | Carina vd Dussen |
| 20-Sep | B05 | | | Henk Sweers | Louise van Niekerk | Adrian VNiekerk | Luan van Niekerk |

## KOLLEKTES

Vandag: **Barmhartigheid** (tydens erediens )

Volgende week: **Barmhartigheid**

Vandag: **Biblos** (by die deure)

Volgende week: **Kerkkas**

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

**Maandelikse bydraes dmv EFT**—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za

# Verjaarsdae

## Belydende lidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 13 Sep. | Mieke | Opperman | C11 | 0829426954 |
| 14 Sep. | Brenda | de Vente | E02 | 0845103806 |
| | Christoff | van Wyk | B15 | 0822259831 |
| 15 Sep. | Hennie | Jooste | A04 | 0761104638 |
| | Ettie | vd Berg | B11 | 0723718245 |
| | Johann | vd Merwe | B02 | 0823340101 |
| 16 Sep. | Fanie | Landsberg | C06 | 0828282144 |
| | Kirsten | Smith | B10 | 0823844296 |
| | Cecile | Venter | A07 | 0839972473 |
| | Cecilia | Wolmarans | C14 | 0845200203 |
| 17 Sep. | Anneme | de Waard | C13 | 0833763913 |
| 18 Sep. | Neels | Engelbrecht | A14 | 0834738975 |
| | Anais | Lourens | A10 | 0714653940 |
| | Elriké | Myburgh | B05 | 0845284440 |
| | Koos | Prinsloo | A06 | 0836315702 |
| | Antionette | Wagner | C15 | 0832646210 |
| | Reinhardt | Wagner | C15 | 0716052258 |
| 19 Sep. | Karlize | vd Walt | A02 | 074 476 5924 |

## Dooplidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 13 Sep. | Aija | Grüenenfelder | C15 | 0790877564 |
| 14 Sep. | Jana Mari | Pienaar | C12 | 0827097261 |
| 15 Sep. | Dawid | Burger | A12 | 0737223587 |
| 16 Sep. | Ellie | Grüenenfelder | C15 | 0790877564 |
| | Tineke | van der Walt | A13 | 0812519617 |
| 18 Sep. | Jacobus | van Tonder | A17 | 0722046225 |

# Ons gee om vir Mekaar

***"...God ontferm Hom oor ons."*** *Ps. 116:5*

- Elna Marx sterk aan in ZAH (C12 – 0833208781).
- John Goosen sterk tuis aan (A9 – 0828825170).
- Rita Boshoff sterk aan in Raslouw Step Down (A6 – 0823656525).
- Pat Hammond sterk tuis aan (C7 – 0683674052).
- Johan Kruger sterk tuis aan met versorging (B1 – 0823868986).

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

**Beroepe aanvaar**

- Ds MD (Dirk) Meijer van GK Bloemburg na GK Meyerton.
- Ds R (Ruan) Steyn van GK Oshakati na GK Venterstad.

**Die Sakrament van die Heilige Nagmaal word vandag tydens al drie ons eredienste bedien**

**Gemeente vergadering met die oog op die roeping van 'n nuwe predikant word op 11 Okt 2026 voor die oggend erediens gehou**

## *Alethea Outreach 11:00*

Like us on facebook:
https://www.**facebook**.com/
aletheaministry/
Rev Maarten van Helden




Pretoria
HOMESCHOOL
CONFERENCE 2026

18, 19 Sep
at
GK CENTURION
08:00.-17:15

FAMILY
CONFERENCE 2026

Volledige besonderhede op kennisgewingbord!



**Bernina @ Saxby**—Verkope van alle Bernina en Bernette naaldwerkmasjiene en omkap-masjiene. Diens en herstel van alle fabrikaat naaldwerk-masjiene. Dalena Kruger 072 974 2728.

**Huiskontrakteur** – herstel/waterdigting van dakke; oopmaak van rioolstelsels, verfwerk; herstel/installering van plaveisel; teëlwerk; herstel van waterlekke; staalwerke; saag/verwydering van bome; installeer solar-drukpomp op watertenks, omskakeling van geyser na sonkrag; installasie van gastoestelle. Hennie vd Walt 082 927 4326.

**Verkoop u, u huis?** Onthou dit is u Verkoper se keuse om die prokureur aan te stel. Ek sal u graag daarmee wil help. Ook testamente en boedels. Pieter Wolmarans Prokureurs 083 949 8899.

Soek jy 'n lekker kuier-plek???? **Oppi Stoep Gastehuis** bied aan:- Pensionaris ontbyt op Woensdae van 10:00 tot 13:00 (bespreek asb). Lokaal vir:- werkswinkels, verjaarsdagfunksies, huweliksherdenkings, re-unies. Skakel Johan Wiegand 082 498 6314.

**Bouplanne** - Skakel Tertius Horak by 082 925 6015 vir enige argitek werk wat u benodig. Nuwe geboue, aanbouings en *"soos-gebou-planne"* insluitend Stadsraad goedkeurings.

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



**13 Sept.**

Magda vd Schyff A3

Hermien Prinsloo A4

**20 Sept.**

Magda Pelser A5

Helena du Plessis A8,9,11,14

## Afri-Duetfees

Die GK Magalieskruin bied vanjaar die dertiende Afri-Duetfees aan, op Saterdagmiddag 17 Oktober om 14:00 by die Staatsteater. 'n Aansienlike deel van die opbrengs gaan vir die Sorg Met Eer projek vir ons emeriti.

Skakel of Whatsapp vir Riekie by 082 586 9167 en bespreek u kaartjies.

## Plastiekdoppies

Baie dankie aan almal wat die projek so lewendig ondersteun! Ons het tot nou toe ongeveer 18 000 doppies ingesamel!! Hou so aan asseblief...

Doppiesgroete

Vir enige navrae WhatsApp Cornea v Niewenhuizen 064 532 6804






Poeding liefhebbers en toekomstige poeding kampioene.

Ons is opsoek na 'n paar helpers by die poedingtafel vir die basaar.

Mense wat kan help met die maak van poeding of die opdien daarvan.

Laat weet asb of jy bereid is om 'n handjie by te sit.

Kontak Susan 082 467 2462 of Cassie 082 372 2434



# *B a s a a r !*

## Wanneer: 17 Oktober 2026
## Tyd: 08:00 tot 14:00

Dinge is nie net aan die roer nie, dit begin kook!

1. Ons benodig nog baie **helpende hande** met die volgende: (Steek asseblief jou hand gretig op, net soos jy die eerste dag op skool gedoen het…. 😉)

| WAAR | OM WAT TE DOEN |
|---|---|
| Pannekoek | Bakkers, strooiers, rollers en verkopers. Ons verskaf die stofies, deeg, suiker, kaneel, panne, soplepels en spane. |
| Kerrie-en-rys | Opdieners en verkopers |
| Poeding | Jelliesetters, opdieners en verkopers |
| Koeldrank | Verkopers |
| Koektafel | Skenkings en verkopers |
| Speletjies vir almal | Organiseerder vir die kinders tot graad 5, beurtverkopers en toesighouers. |
| Vendusie | Skenk vir ons goeie items om op te veil, soos byvoorbeeld daardie 100-jaar oue bottel whiskey in jou kabinet…… |

2. **Kontakte:** Jy kan die volgende mense skakel en jou hulp aanbied:

| WAT | WIE | WAAR |
|---|---|---|
| Kerrie en Rys | Erna le Riche | 0823322118 |
| Koektafel | Ina Wiegand | 0828874046 |
| Koeldrank | Dirk Kotzé | 0736258180 |
| Koffietuin | Toekie Meyer | 0721930625 |
| Ontbytbroodjies | Pieter van der Dussen | 0824167188 |
| Pannekoek | Magda van der Schyff | 0795110196 |
| Poeding | Susan van der Walt | 0824672426 |
| Speletjies: Gr 6 tot….. | Zillah Johl | 0832991013 |
| Stalletjiebespreking | Tjaart vd Walt | 0828242933 |
| Vendusie | Jan Nel | 0823795935 |
| Wit Olifant | Ds Maarten van Helden | 0721431855 |

Baie dankie aan al hierdie entoesiastiese mense. Sonder julle is die Projekspan in ‘n dorre woestyn – net soos die Israeliete van ouds……

3. **Ons vra Donasies:** Plaas jou **donasies** in die **waentjie voor** die **ingang.**

| | |
|---|---|
| Pannekoek | Koekmeel, eiers, suiker, kaneel, sout, bakpoeier en leë 2 liter melk-/sapbottels |
| Kerrie-en-rys | Rou *topside* maalvleis, wit rys, blatjang, kapper, gemengde groente, aartappels |
| Poeding | Pakkies jellie, vla, leë roomysbakke, vars room, eiers, suiker, ‘vanilla *extract’* |
| Koektafel | Gebakte koeke en terte uit jou kombuis |
| Ontbytbroodjies | Eiers, kaas, spek, uie en hamburger buns |

Dankie vir die donasies wat ons reeds ontvang het.

4. **Uitstallers:** Tot dusver het ons 18 uitstallers en die uitstallings sluit artikels in soos: gehekelde speelgoed, unieke mosterd, geborduurde kaartjies, kunswerke en gebak, boeke, 3-D gedrukte artikels, heerlike tuisgebak. Kunswerkswinkels gaan selfs aangebied word. Wie kan jy nog uitnooi om te kom uitstal? Dit kos slegs R80.00 en die geld wat jy maak is joune… om jou besigheid uit te brei… of dalk ‘n donasie aan GKC Projekte te maak…

**GKC-Projekte** het ‘n *Chamberlains* Handelskaart vir die gemeente bekom. Hoekom vertel ons dit vir u?

Wel, ons versoek u om telkens wanneer u aankope by *Chamberlains* doen, hierdie kaartnommer vir die teller sal gee. Sodra ‘n totaal van R20 001 vir die jaar op hierdie kaartnommer gedoen is, word ‘n bedrag gelykstaande aan ‘n sekere persentasie van die totale transaksies aan GKC-Projekte betaal. Op hierdie manier probeer ons om op ‘n gerieflike manier fondse in te samel vir instandhoudingsprojekte en dít sonder dat dit u ekstra geld kos! Oulik nê…

ʼn Foto van die kaart sal op GKC Gemeente Kommunikasie WhatsApp-groep geplaas word vir u gebruik.

Navrae: Tjaart vd Walt 0828242933







## Kyk waar trek ons nou:

| | |
|---|---|
| **Total purchases up to end of August 2026** (1 November 2025 to 31 October 2026) | **R73 095,45** |
| **Rebate Level** | **LEVEL 2** |
| Category 1 Purchases | R62 084,42 |
| Category 2 Purchases | R11 011,03 |
| **Estimated rebate earned to date*** | **R2 082,75*** |
| Amount to spend to reach the next rebate level | R76 904,55 |

# VAN DIE KERKRAADSTAFEL

**Ter Approbasie:**

Oudl: Jaco Basson, Douw Breed (jr), Thys Maree, Neels Engelbrecht, Rob Bond, Johan van Werkhoven, Hans Stronkhorst en Jaco Maré

Diak: Wilhelm Verwoerd, Jano van Rooy, Bennie Viljoen, Reghardt Wessels, Jakes van der Merwe

**Onthef van die roeping as Ouderling**: Phillip Vorster

**Ontslag** word toegestaan op 11 Oktober 2026 tydens die aanddiens, aan:

Oudl : Jacques Myburg

## Attessake soos op 10 Sept 2026

**Met attestaat aangesluit**
Bets Schutte van GK Potchefstroom (C12)
Thiens en Karlize van der Walt van GK die Bult Potch (A02)
Rita Boshoff van GK Wonderboompoort (A06)
Dean en Simóne du Plessis van GK Benoni (C03)
Sarie van der Merwe van GK Bethal (B05)
Raynard en Anja Pretorius met 1 dooplidmaat en 1 baba GK Secunda (B15)

**Opgeneem uit ander Kerke**
Lilian Marais van NG Boksburg-Oos (C07)
Jemina Mofokeng van NG Free State (E02)

**Met attestaat vertrek**
Willie Reinecke na GK Bergsig (A07)
Louis en Judy Trichardt na GK Pretoria-Brooklyn (A17)
Constant Benadé na GK Wierdapark (B14)
Aneli van der Walt na GK Bellville (B05)
Fransjohan en Karla Theart na GK Randburg (A12)
Nelda van der Walt na GK Benoni (B07)
Amy Gray na GK Rietvallei (C09)
Ronel Hall Visser (B16) na GK Lyttelton

**Vertrek sonder attestaat**
Anja van Dyk na Japan (A14)
Irene Prinsloo (C12)

**Gemeenskap verbreek**
Santie Coetzer na KSM (B09)

## MONUMENTSIG AFTREE-OORD EENHEID BESKIKBAAR!



Die Oord behoort aan die Gereformeerde Kerk Centurion, geleë te Basdenlaan 226, Centurion reg agter Unitas Hospitaal en langs die Kerkgebou. U koop ‘n okkupasiereg in ’n aftree-oord. In totaal bestaan die Oord uit slegs 26 huisies met pragtige tuine en lae heffings.

Daar is geen versorgingsfasiliteit nie—Bepalings geld vir persone ouer as 80 jaar.

Die eenheid wat beskikbaar is bestaan uit :

2 slaapkamers, 2 badkamers, kombuis, eet– en sitkamer, toesluit motorhuis met privaat stoep en tuin. Beskikbaar vir okkupasie vanaf ongeveer 1 November 2026. Die prys is R1 220 000. Die heffing vir 2026 is R1 833 en die vaste munisipale kostes beloop tans R375. Al wat dan nog bykom is die elektrisiteitsverbruik.

Aansoekvorms is by die ondergenoemde persone beskikbaar. Aansoeke word deur die bestuur van die Oord oorweeg.

Wanneer u, u reg in die toekoms weer wil verkoop, is die volle bedrag wat u betaal het, onderhewig aan sekere voorwaardes, weer aan u betaalbaar.

**Navrae**: Rina Venter (op terrein) 071 403 4143 of Gerrit Beumer 082 572 5235

Aansoeke sluit 22 September 2026

## Dames Kuier Aksie





Elke Donderdag

10:00 – 12:00





Die Grot te GKC

**Dames van alle ouderdomme welkom om saam te kom kuier**

*Jong mammas met kindertjies ook welkom*

Bring iets om te doen terwyl jy kuier of kom gesels net saam

**Hester van der Merwe | 071 382 2573**








## *Voorspel inligting*

Psalm 137 Oggenddiens

Psalm 137 is ’n klaaglied van Israel tydens die Babiloniese ballingskap ná Jerusalem se vernietiging in 586 v.C. Die ballinge treur oor Sion en verlang na Jerusalem. Hulle vyande spot met hulle geloof en vra vir liedere. Die psalm eindig met ’n ernstige oproep tot God se oordeel oor Babilon, wat die Israeliete se diepe pyn weerspieël.

Psalm 37 Aanddiens

Psalm 37 is ’n wysheidspsalm van Dawid wat gelowiges leer om nie afgunstig te wees op goddeloses wat skynbaar voorspoedig is nie. Dawid beklemtoon dat God die regverdige beskerm en uiteindelik die goddelose oordeel. Die psalm roep op tot vertroue, geduld, gehoorsaamheid en ’n vaste hoop op God se trou

## Biblos: GKC Bybelverspreidingsprojek

Doelstelling: Om sover moontlik te sorg dat almal met wie ons in aanraking kom en dit nie kan bekostig nie van ‘n Bybel te voorsien.

Biblos ondersteun ook verskeie uitreikprojekte soos die Karretjie-mense, die Koningskinders, en Crossroads.

Sedert sy ontstaan in 2013, het Biblos reeds **8 373** gedrukte en oudio Bybels sowel as kinderlektuur versprei met ‘n benaderde waarde van **R680 288**. Soli Deo Gloria!

Biblos word befonds deur kollektes twee keer per jaar en vrywillige bydraes deur lidmate.

Bybels en kinderlektuur is verkrygbaar in al die amptelike en ‘n aantal buitelandse tale.

2020 Vertaling Afrikaanse Bybels kan in gewone en grootdruk verskaf word. Pryse op aanvraag beskikbaar.

Kontak die kerkkantoor vir Bybelbestellings of stuur ‘n WhatsApp aan Esmé van den Berg 083 381 6428.

Baie dankie vir u ondersteuning.

Die Biblosspan.

# Liturgiese Riglyne

## N A G M A A L

### S O N D A G O G G E N D   09:00

## Die Here is met sy kerk, en sal haar nooit begewe of verlaat nie!

**Skriflesing**:
Duet 31:1-8
(2020)

**Teksvers**:
Deut 31:6,8

**Sing**:
Ps 146-1:1,3,4,8
Sb 12-3:1,2
Ps 79-1:5,6
Sb 17-3
Ps 145:1,2,3...
Sb 17-1:1,5,6
Sb 11-2:1,2,4
Sb 13-3

Prof Albert Coetsee

Israel staan op 'n kruispad: Hulle gaan die beloofde land inneem, maar Moses sal nie saamgaan nie. Die Here troos hulle:

**Die Here is met sy volk, en daarom kan hulle vol moed wees.**

Die Here self sal voor hulle deur die Jordaan trek (v.3); Hy sal hulle nie verlaat nie (v.6). Christus is in ons plek deur God verlaat, sodat ons nooit deur God verlaat sal word nie.

**Die Here is met sy volk se voorganger, en daarom kan hy vol moed wees.**

Josua ontvang dieselfde opdrag as die volk: "*Wees sterk en vol moed!"*

### S O N D A G A A N D   18:00

## Smaak en sien dat die HERE goed is

**Skriflesing**:

Psalm 34:1-23
(2020)

**Teksvers**:
Psalm 34:8

**Sing**:
Ps 107:1,2,3
Ps 36:2
Ps 118:1,7,12,14
Ps 34:4,8
Sb 13-3

Ds Lourens Venter

Om te smaak is nie net om te proe nie. Ons sal baie maal beskrywings gebruik waarin ons sintuie verwoord wat ons in ervaring beleef. Om te smaak dat die HERE goed is, beteken tog om iets te beleef, om iets te ervaar van die goedheid van ons Verlosser.

So kan ons aan die Nagmaalstafel die brood en wyn smaak, die fisiese smaak, terwyl dit baie dieper simboliek weerspieël van God se genade en seën deur die liggaam en bloed van Christus.

Ons staan vervolgens stil by die Nagmaal met die tema: *Smaak en sien dat die HERE goed is.*